Fasiliteite te huur by NGK Lynnwoodrif

Lifestyle Café

Die Lifestyle Café is geleë op die gronde van die NG Kerk Lynnwoodrif.
Die gesellige restaurant met sy warm atmosfeer het sitplek vir 35 mense.
Besoek ons gerus vir 'n heerlike koppie koffie met jou vriende of kollegas.
Die Lifestyle Café bied heerlike ontbytgeregte, ligte etes en 'n groot verskeidenheid soet- en southappies. Uitstaande disse en diens vir alle spesiale geleenthede soos verjaarsdae, huweliksherdenkinge, dooptee (Sondagoggend), eindjaarfunksies, omgeegroepe se gesellighede, besigheidsgeleenthede en vergaderings.

Beplanning geskied saam met u om die spyskaart saam te stel volgens u behoeftes, smaak en begroting.
Ons kwotasie sluit in tafellinne, dek van tafels en flinke en vriendelike bediening in 'n warm atmosfeer - enige tyd van Maandag tot Saterdag. Pryslyste vir wegneemetes en spyseniering is op aanvraag beskikbaar.

Rif Ouditorium

Die Rif Ouditorium is ideaal ingerig vir 'n groot groep van nie meer as 350 persone nie. Dit het 'n uitstekende ingeboude klankstelsel, lugverkoeling, beligting van verskeie tipes sowel as gerieflike gestoffeerde stoele. Dit is geskik vir vertonings, aanbiedings aan groot groepe en vele meer. Dit beskik ook oor 'n "buite" kombuis waar verversings tydens vertonings verkoop kan word.

CAEIA

Uitgespreek ("Khaya")

Die CAEIA grens aan die Ouditorium, waar middagetes of ander verversings tydens aanbiedinge en konferensies bedien kan word. Die CAEIA is ideaal geskik vir 'n kleiner groep van nie meer as 30 sittende persone. Dit is geleë langs die Ouditorium en kan gebruik word vir 'n verskeidenheid van geleenthede. Dit beskik oor 'n ingeboude projektor (Litepro) en vertoningsbord met uitstekende klank en beligting.

Atrium

Die Atrium is aangrensend aan die Hoofruim van die kerk en word afgesper deur invou glasvensters. Die fasiliteit is geskik vir troues, dinees, afskeidsfunksies en aanbiedings. Die ruimte is heerlik koel en gemaklik a.g.v sy grootte met goeie beligting. Dit kan ongeveer 300 mense sittende en 400 mense staande met gemak hanteer. Lifestyle Café hanteer al die etes en verversings en die bekwame personeel sal alle voorbereiding vir u gerief hanteer.

Besprekings / Spyseniering

<u>Baie belangrik</u>:

1. Alle lokaalbesprekings moet by die **Kerkkantoor (012 348 5135)** gedoen word.

e-pos: admin@lynnwoodrif.co.za

Faks: 012 361 6469

2. Nadat die datum en lokaal by die Kerkkantoor bevestig is, word spyseniering vir funksies en / of groot bestellings direk met Michiel Brown, bestuurder van Lifestyle Café, bespreek.

Sel: 082 560 7940 / e-pos: denise.brwn1@gmail.com